# Proefskrifbespreking

AJ Smuts – Van Biljon, JA 1984. *Die siekepastoraat as kerklike bediening in hospitaal-konteks* .......... 617

# Boekbespreking

RM Naudé – Van der Westhuizen, HG (red), *Dwarswinde op die kerkwerf* .......... 623

RM Naudé – Strauss, PD, *Van Moses tot Marx* .......... 625

HJ Botes – Instituut vir Reformatoriese Studies 1984. *Ideologiese stryd in Suider-Afrika: Vlug vir die afgode!* .......... 627

BJ van Wyk – De Groot, CG 1985. *Johannes Calvyn: Getuie vir Jesus teen wil en dank* .......... 628

BJ van Wyk – De Groot, CG 1985. *Maarten Luther: Sy lewensgeskiedenis teen die agtergrond van sy tyd* .......... 629

BJ van Wyk – De Groot, CG 1985. *Voorlopers van die Hervorming: Arnold Brescia, John Wycliff, Johannes Huss* .......... 630

# Proefskrifbespreking

**Van Biljon, JA 1984. Die siekepastoraat as kerklike bediening in hospitaal-konteks**

Ongepubliseerde DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria. Promotor: Prof TFJ Dreyer

**Resensent: Prof AJ Smuts**

Tot nie so lank gelede nie was dit 'n redelik algemene opvatting in die Afrikaanse Kerke dat wanneer 'n predikant om een of ander rede nie meer in staat was om die bediening in 'n gemeente te behartig nie, hy darem nog bruikbaar kon wees om die siekes in die hospitale te besoek. Oor die loop van die jare was daar 'n hele aantal emeriti en ook ander predikante wat om een of ander rede die gemeentelike bediening verlaat het, wat so namens hul onderskeie kerke as hospitaalpredikante diens verrig het. Baie van hierdie mense het pragtige werk gedoen. Dit was gewoonlik diegene wat na 'n lang en vrugbare gemeentelike bediening en met baie bedieningservaring en 'n pastorale hart die veeleisende taak aanvaar het om dag na dag so langs die een bed na die ander in hospitale te gaan staan en met die pasiënte gesprekke aan te knoop. Dikwels was dit egter mense wat eintlik al verby die jare van die aktiewe bediening was – soms oud en afgeleef en onbuigsaam in hul opvattings. Dit is nou maar eenmaal so dat as 'n mens jou lewe lank gewoond was om dinge op sekere maniere te doen, jy maar geneigd is om op die ou bekende patroon voort te gaan. Om dan nog nuwe gedagtes te aanvaar en nuwe maniere van doen aan te leer, is nie maklik nie. Met skaamte moet ook erken word dat daar ook deur sommige van hierdie hospitaalpredikante by geleenthede foute gemaak is, wat skade veroorsaak het. Hulle is gewoonlik met welwillendheid in die hospitale toegelaat, waar hulle bekende figure geword het – maar verder as dit het dit selde gegaan.

Gedurende die afgelope jare het meer as een kerk in ons land egter tot die oortuiging begin kom dat siekepastoraat nie maar 'n werkie is wat oorgelaat kan word aan persone wat nie langer in staat is om die meer veeleisende gemeentelike bediening te behartig nie, maar dat dit 'n spesialiteitsgebied binne die bediening geword het, wat besonder hoë eise stel. Gevolglik het ons in toenemende mate jonger manne as

hospitaalpredikante in die groot hospitale van ons land begin aantref. Meeste van hulle is persone wat hulle ingewerk het in hierdie taak en deur studie, besondere opleiding en groeiende deskundigheid toegerus is om die eise wat hierdie besondere vorm van bediening stel, te hanteer en met gesag saam te praat in die kring waarin hulle beweeg. Een van die gevolge van hierdie nuwe ontwikkeling is dat hospitaalpredikante in toenemende mate in die geslote mediese wêreld inspraak en erkenning begin kry en in sommige gevalle ingesluit word in die mediese span wat met pasiënte werk.

In hierdie hele nuwe ontwikkeling pas die proefskrif waarmee dr JA van Biljon gedurende die afgelope jaar aan die Universiteit van Pretoria onder promotorskap van prof TFJ Dreyer in die teologie gepromoveer het, in. Die titel daarvan is: *Die siekepastoraat as kerklike bediening in hospitaal-konteks.* Hierdie studie is dus spesifiek gefokus op hospitaalpastoraat, as een vorm van siekepastoraat. 'n Kort oorsig van die inhoud daarvan sal duidelik maak watter veld hy in sy ondersoek verken het.

## OORSIG VAN DIE INHOUD

Die proefskrif bestaan uit vier hoofstukke, waarvan die opskrifte is:

### 1. 'n Prinsipiële dimensie van die pastoraat: 'n Kursoriese oorsig van die konstitutiewe verwysingsraamwerk en pastorale aksente

In hierdie hoofstuk word eers aandag gegee aan die konstitutiewe verwysingsraamwerk, dit wil sê die uitgangspunt wat gekies word. Daarna volg 'n bespreking van die verskillende pastorale aksente, soos uitgewerk in die verskillende strominge binne die pastorale sorg.

### 2. Siekepastoraat as kerklike bediening

In die tweede hoofstuk word veral die verskynsel van siekwees van verskillende kante beskryf, met die belewing daarvan deur die siek mens en die verskillende fases waardeur so 'n pasiënt beweeg tydens sy siekte. Dit begin by die vermoedefase en kan deurgaan tot die terminale fase. Hierna word uitvoerig stilgestaan by die gespreksvoering in die siekepastoraat, waarna ten slotte gekyk word na die besondere vraagstukke wat aan siekepastoraat as kerklike bediening verbonde is. In sy pastorale omgang met siek mense in die hospitale kom die pastor naamlik in aanraking met 'n groot verskeidenheid persone, van wie sommige meelewende lidmate van die kerk is, maar ander as randkerklikes en buitekerklikes beskrywe kan word. Naas die pastorale

dimensie het siekepastoraat dus, volgens die skrywer, ook diakonale, apostolêre, kategetiese en homiletiese dimensies.

### 3. Die siekepastoraat as kerklike bediening in hospitaal-konteks

Die situasie in die moderne hospitaal stel aan die pastor besondere eise, afgesien van die sake wat in ag geneem moet word wanneer hy met siek mense werk. Die besondere rol van die hospitaalpredikant, ook as lid van die multi-dissiplinêre terapeutiese span, geniet aandag. By die deurgaan van hierdie hoofstuk kom die leser onder die indruk daarvan dat dit geskryf is deur iemand wat hierdie gekompliseerde situasie van binne ken omdat hy self daarin werksaam is.

### 4. Aanwysinge vir 'n toegespitste bedieningstruktuur in hospitaal-konteks

In die afsluitende hoofstuk, wat ietwat bondiger is as die voorafgaande, word aan die hand van die bespreking van 'n enkele geval van hospitaalpastoraat enkele sake wat veral vir die praktyk van hierdie vorm van kerklike bediening belangrik is, uitgelig. Dit handel naamlik oor die pastorale versorging van 'n sestienjarige dogter wat besig was om aan kanker te sterf. Soos dit maar alte dikwels in sulke gevalle gaan, is die waarheid omtrent haar siekte vir haar verswyg en het 'n ongemaklike sameswering tot stilswye tussen die mediese personeel en die ouers bestaan, wat verhoed het dat iemand 'n duidelike antwoord op haar vrae gegee het. In hierdie situasie kon die predikant inkom, om deur sy omgang met die jong pasiëntjie en almal rondom haar hierdie probleem op te los. Uiteindelik het dit dan ook geblyk dat dit tog nie so erg was nie, omdat sy eintlik reeds bewus was van die feite wat so angsvallig vir haar verberg was. 'Die waarheid rakende haar siekte het sy gemaklik verwerk omdat sy dit waarskynlik geantisipeer het . . . . Die waarheid van haar naderende sterwe het as byna vanselfsprekende onuitgesproke feit gegeld, sonder dat 'n doodvonnis deur enige lid eksplisiet uitgespreek is. Die liggaam vertel sy eie taal, terwyl die vlak van die pastorale gesprekke ook reeds elemente van sterwenssorg ver toon het', deel die skrywer mee (bl 229).

Dit is nooit maklik om langs die weg van 'n gespreksverslag die praktyk van jou eie pastorale sorg vir beoordeling aan ander voor te lê nie, maar uit die uittreksels uit pastorale gesprekke wat tussen die skrywer en hierdie pasiënt plaasgevind het, kom duidelik na vore dat hier iemand is wat in sy pastorale omgang op sensitiewe wyse werklik betrokke geraak het by die nood van 'n jongmens wat op die laaste skof van haar aardse lewe was, sowel as met al die mense rondom haar.

## ENKELE OPMERKINGS

Omtrent die proefskrif in sy geheel is daar enkele sake wat opval, waaromtrent iets meer gesê moet word.

Die eerste saak geld 'n probleem wat skynbaar eie is aan alle teologiese besinning op hierdie terrein van die Praktiese Teologie. In die pastorale sorg bevind sowel die teoloog as die pastor wat in die praktyk van die bediening werksaam is, hulle steeds in die spanningsveld tussen twee pole: Aan die een kant is daar die eis van suiwere en duidelike Woordverkondiging – die kerugmatiese aksent. Aan die ander kant gaan dit daarom dat hierdie Woordverkondiging in die pastoraat nie in die vorm van 'n prekie moet plaasvind nie, maar dat dit by wyse van 'n pastorale gesprek moet geskied, waarin die uniekheid van die besondere persoon, met die noodsituasie waarin hy hom bevind en die wyse waarop hy dit persoonlik beleef, ten volle verreken word. Wanneer die klem te eensydig op die kerugmatiese eis geplaas word, dreig die gevaar van lewensvreemdheid. Wanneer die lewensproblematiek egter weer te veel in die middelpunt van die belangstelling staan, kan die Woord van God maklik op die agtergrond geplaas word en word pastoraat bloot 'n vorm van hulpverlening in allerlei lewensprobleme – 'n soort terapie.

Die promovendus maak vroeg reeds 'n keuse in hierdie verband, wanneer hy die pastoraat omskryf as 'n para-liturgiese gestalte van kerklike verkondiging. In hierdie verband bou hy op die definisie wat wyle prof JI de Wet van die pastoraat gegee het (bl 13). Dit is duidelik dat die lyne wat prof De Wet – onder wie se leiding hy sy proefskrif begin het – getrek het, sowel as die standpunt van sy promotor, sy siening sterk beïnvloed het. Die invloed van die kerugmatiese stroming, waarin Eduard Thurneysen die leidende figuur is, en waarin die grondgedagtes van die dialektiese teologie vir die pastoraat verwerk is, is duidelik merkbaar. Hierdie uitgesproke reformatoriese gedagterigting staan teologies so sterk dat dit deur geen teoloog wat die reformatoriese weg wil volg, opsygesit kan word nie. Tog het die teologiese ontwikkeling gedurende die afgelope sowat veertig jaar getoon dat dit kan lei tot 'n reduksie. Die gevaar bestaan naamlik dat wanneer die klem hoofsaaklik op die aspek van verkondiging gelê word, die pastoraat gehomiletiseer kan word, met ander woorde dat dit kan ontaard in 'n ander manier van prediking. In die praktyk lei dit dan maklik daartoe dat die pastorale gesprek verval in 'n alleenspraak in die vorm van 'n prekie.

In die literatuur wat gedurende die afgelope jare op die terrein van die pastorale sorg verskyn het, vind ons dan ook 'n voortdurende worsteling met hierdie probleem. Op verskillende maniere en met 'n verskeidenheid formuleringe is gepoog om die juiste verhouding tussen die twee pole aan te dui. Die groot probleem daarby is dat ons nie met twee gelykwaardige sake te doen het nie. Wanneer 'n skrywer soos Heitink dus 'n bipolêre model uitwerk, waaraan hy konsekwent wil vashou, kan DJ Louw tereg aantoon dat hy daarby aan die mens 'n posisie gee waar nie slegs die mens van God afhanklik is nie, maar God uiteindelik ook van die mens afhanklik gestel word.

Dr van Biljon is bewus van hierdie gevaar. Hy lê veel klem op 'n goeie kennis van die besondere noodsituasie waarin die pasiënt hom bevind en op die belangrikheid van gespreksvaardigheid, waarin die beginsels van die helpende gespreksvoering geken, ingeoefen en benut moet word. Terselfdertyd moet dit egter steeds 'n ondergeskikte plek inneem ten opsigte van die eintlike sentrale saak waaroor dit in die pastoraat gaan, naamlik om die Woord aan die woord te stel.

'n Tweede punt waarby 'n oomblik stilgestaan moet word, is die wyse waarop die skrywer die siekepastoraat as kerklike bediening afbaken. Toe die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk in 1964 oorweeg het om 'n standplaas vir 'n voltydse hospitaalpredikant in Johannesburg te skep, is die klem veral op die diakonale en apostolêre aspekte van die kerklike bediening in die hospitaal geplaas (bl 177). Dit is presies dieselfde weg as wat ook deur ander kerke, onder andere die Ned Geref Kerk, gevolg is. In sommige sinodale gebiede ressorteer hierdie aspek van die kerk se werk tans nog onder toesig van die Sinodale Kommissies vir Ampsbediening en Evangelisasie, met 'n sterk evangelisasie-aksent. By ander sinodes word dit weer gereken as 'n werksaamheid wat eintlik onder die Sinodale Kommissies vir die Diens van Barmhartigheid tuishoort.

Nou is dit so dat die predikant wat in 'n hospitaal werksaam is, met allerlei soorte mense in aanraking kom. Sommige van hulle is getroue lidmate van die kerk wat daar verkeer en pastoraal bearbei moet word. Ander is afgedwaaldes: randkerklikes en buitekerklikes. In 'n situasie waar baie van die pasiënte nog nie met die evangelie in aanraking gekom het nie (soos in swart hospitale in ons land die geval kan wees) of reeds lankal heeltemal daarmee gebreek het (soos waar die proses van sekularisasie ver deurgewerk het), het die predikant met heidene te doen, aan wie sendingwerk gedoen moet word. Die vraag wat nou ontstaan, is: Kan dit alles nog as pastoraat beskou word? Indien die

standpunt ingeneem word, soos die skrywer dit ook doen, dat die pastoraat ook gerig word op die randkerklikes en selfs die buitekerklikes, kan dit daartoe lei dat die term 'pastoraat' uiteindelik verbreed word totdat dit niks meer beteken nie as 'al die werk wat deur 'n predikant gedoen word'. Ook die kerkbegrip wat hierby funksioneer, moet goed deurdink word.

'n Derde opmerking geld die opset van die proefskrif. Wanneer die proefskrif in sy geheel oorsien word, is dit duidelik dat die skrywer daarvan in die bestek van 235 bladsye 'n besonder wye veld gedek het. Die opeenvolgende hoofstukke maak die indruk van konsentriese sirkels: Hy begin by die wydste daarvan en bespreek sake wat redelik op die periferie van sy studie lê (soos die verskillende strominge in die pastoraat), waarna hy telkens nader na die eintlike saak waarom dit vir hom gaan, beweeg. Dit is ook interessant om te sien hoe hy daarby van die meer teoretiese gesigspunte steeds nader na die praktyk beweeg, sodat hy in sy laaste hoofstuk in die gespreksituasie langs die siekbed staan en aan ons toon hoe hy die siekepastoraat in hospitaalkonteks prakties beoefen.

Hoewel die duidelike uitspel van sy uitgangspunte noodsaaklik is vir die uitwerk van dit wat later volg, bring so 'n omvattende studie onvermydelik mee dat 'n groot aantal sake aan die orde gestel word, waarvan baie nie in diepte bespreek kan word nie. 'n Studie van hierdie aard het dus ook sy beperkinge. Dit herinner aan 'n argiteksplan, waarin die bouwerk in sy geheel geskets word. Hierdie argiteksplan moet dan in fyner besonderhede uitgewerk word, totdat die gebou opgerig is. Net so moet ook hierdie studie, wat in sekere sin 'n baanbrekerspoging in ons land is, nou opgevolg word deur verdere navorsing, waarin besondere aspekte van die hospitaalpastoraat wetenskaplik ondersoek word en riglyne vir die praktyk gegee word.

Van 'n oud-hospitaalpredikant aan 'n kollega wat tans nog in hierdie werk staan, 'n woord van hartlike gelukwensing met en waardering vir 'n mooi stuk werk. Ek is seker dat hierdie proefskrif in die jare wat kom in wye kring gelees sal word en dat die insigte wat daarin verwerk is, vir meer as een tot hulp sal wees wanneer hulle die veeleisende, maar vreugdevolle bedieningstaak moet verrig om by die siekbed, wat dikwels 'n sterfbed word, te gaan staan en as sterflike mense die Woord van die lewe daar te bring.

# Boekbespreking

**Van der Westhuizen, HG (red) – Dwarswinde op die kerkwerf**

Pretoria: Kital. 96 bladsye. Prys R5,50

**Resensent:** Dr RM Naudé

Dié boek het sy beslag gekry vanweë sterk dwarswinde van dwaling wat oor die kerklike werf begin waai het. Dit is daarom te verwagte dat die boek antwoorde sal bied op vrae, kwellings en aanklagte wat ten opsigte van die leer van die Kerk bestaan. Hierin het die boek deeglik geslaag. Die onderwerpe wat ter sprake gebring word is: Die verbond, Israel, die Jode en die kerk (ds E Engelbrecht); Die kerklike doop (prof HG van der Westhuizen); Enkele opmerkings oor die kerklike bediening van die heilige doop met besondere verwysing na die twee doopformuliere (prof PJT Koekemoer); Neerdaling ter helle, beproefde belydenis (ds PJ van der Merwe); Neergedaal na die hel, diepe vertroosting (ds BJ van Wyk); Opstanding van die vlees (prof DJ Booysen); Chiliasme (prof SJ Botha); Weergeboorte, geloof, bekering (dr JMG Storm); Campus Crusade for Christ – histories (prof SJ Botha); Campus Crusade for Christ – teologies (prof DJ Booysen); en Geloof en genesing (ds GJJ Labuschagne).

As gevolg van die wyduiteenlopende onderwerpe wat behandel is, is dit sekerlik ondenkbaar om een gedagtelyn te probeer vind. Tog word een teologiese lyn deurgaans aangetref: Die grootsheid van God en die afhanklikheid van die sondaar. Wat die verbond betref, is duidelik uitgewys dat die Bybel nie die klem lê op die ewigheid van die verbond nie, maar op die betroubaarheid van God. Die verbondslyn loop nie naas die Nuwe Testament nie maar sluit Christus in. Wanneer dié verbondsteologie nie gehandhaaf word nie, word die klem van God se aanbod om tot die verbond toe te tree, verskuif na die bekering en geloof van die mens as die belangrikste element. Die doop word deeglik en interessant beskrywe as 'n seël vir ons en nie van ons nie. (Dit is verblydend dat in die verduideliking van die betekenis van die Griekse terme behou is.) In die doop word God se handeling be-teken en word aangedui dat verlossing nie 'n menslike orde nie, maar 'n genadedaad van God is. Daarom gaan dit in die doop allereers om Jesus Christus en

dan oor die doop self. Die metode van die doop moet daarom nie verabsoluteer word nie, want daardeur word Jesus uit die doop verban. Die koningskap van Christus word ook beskrywe aan die hand van die geloofsartikel wat bely dat Jesus neergedaal het na die hel. Dié belydenis word beskryf as die fokuspunt van God se heilswerk in Jesus Christus wat as troos die verlossing van die hel vir die gelowige inhou. Die vraag oor die opstanding van die vlees stuit uiteindelik voor die onbekendheid van die geheimenisse van God. In die duisendjarige vrederyk styg Christus as oorwinnaar uit wie se mag soos duisend teenoor drie vergelyk met dié van die Satan. Ook in die geloofslewe van die Christen word die Heerskap van Christus geteken.

Die geloof, wedergeboorte en bekering is alleen moontlik as 'n genadedaad van God teenoor sondaars. So word Christus ook eerste gestel wanneer Campus Crusade beoordeel word. Selfs die gelowige, bekeerde wedergebore mens mag Jesus Christus nie uit die sentrum van sy lewe verdring nie. Hierdie teologiese lyn word ook gehandhaaf in die verhouding tussen genesing en lyding. Die leser word telkens bewus gemaak van die oormag van God en die mens se diepe afhanklikheid van God.

Dit is jammer dat hierdie teologiese lyn nie pertinent gestel is sodat die leser hiervan as antwoord op die dwaalleer kennis kon neem nie. Dit kon met vrug as inleiding gedien het by die eerste hoofstuk wat handel oor die verbond. Die aanvanklike indruk wat hierdie hoofstuk skep, is dat dit geen verband het met die onderwerp van die boek nie.

Die volgende leemtes kan aangedui word:

- In verband met die hellevaart van Christus word geen eksegese aangebied van 1 Petrus 3:19 en 4:6 nie. Die versekering wat gegee word dat daar in hierdie tekste nie sprake is van 'n letterlike hellevaart van Christus nie, is nie 'n wetenskaplike werkwyse nie. As antwoorde op dwaalleer gegee word, moet dit oortuigingskrag hê.
- Die problematiek rondom die leerstuk van die opstanding van die vlees wentel rondom die vraag na die bestaan van die mens as siel en liggaam. Dit is nie in aanmerking geneem nie. Die visie wat 2 Korintiërs 5:1—10 bied met betrekking tot die opstanding is ook nie bygewerk nie. Die vraag wat gevra moet word is of ons in hierdie beredenering van die opstanding van die vlees nie te doen het met 'n verabsolutering van een moontlikheid en wat ander moontlikhede totaal verwerp nie. As dit gebeur, het die gelowige nie meer die gebalanseerde oortuiging dat dit vir ons nie gaan om die **hoe** van die opstanding nie, maar wel om die **dat** van die opstanding.

- Hierdie boek word ongelukkig ontsier deur talle drukfoute. Slegs twee ernstige foute word aangedui. Op bladsy 20 lees 'n opskrif (4.7.2): Geen kinderdoopverbond nie in plaas van kinderdoopverbod. Op bladsy 54 word die volgende sin aangetref: Om hierdie identiteit nou nog verder bo verdenking te plaas kan. Ons verwys na Jesus....

In hierdie publikasie is aktuele vraagstukke onder die loep geneem. Die nut hiervan is dat elke lidmaat bewus gemaak word van die vele strominge van dwaalleer wat die Kerk en sy hoof Jesus Christus bedreig. Die boek dien ook dié doel om lidmate toe te rus sodat dwaalleer binne die Kerk voorkom kan word. Die vermelding van literatuur wat oor elke onderwerp verder bestudeer kan word, sou die nuttigheid van dié boek verhoog het.

*Dwarswinde op die Kerkwerf* is 'n moet vir elke lidmaat.

Strauss, PD – Van Moses tot Marx

Pretoria: NG Kerkboekhandel. 53 bladsye. Prys R4,70

Resensent: Dr RM Naudé

PD Strauss het vanweë sy amp as Sendingsekretaris van die Ned Geref Kerk in Suidwes-Afrika die kerklik-politieke strominge van naby leer ken. Die Swart Teologie is daarom nie vir hom 'n verskynsel wat slegs teoreties van aard is nie, maar hy het die werking daarvan self ervaar. Hierdie tweeledige kennisveld word in sy boekie sigbaar. Die lang lys van geraadpleegde werke word aangevul met persoonlike gesprekke met 'n aantal Swart Teoloë uit die Lutherse kring. Dit is egter opmerklik dat die denke van biskop D Tutu nie geraadpleeg is nie. Dit maak egter nie 'n verskil aan die inhoud en doelstellings van die Swart Teologie nie.

Die skrywer het baie goed daarin geslaag om die denke van die Swart Teologie op 'n duidelike, eenvoudige manier weer te gee. Daarom slaag die boekie in sy doelwit, naamlik om die ouderling, die gewone lidmaat en die man op straat 'n beeld te gee waaroor dit alles gaan in die kerklik-politieke stryd. Hy het hierin geslaag, omdat hy sonder hinderlike kommentaar die Swart Teologie self aan die woord gestel het.

Die inhoud van die Swart Teologie is gesistematiseer onder enkele hoofpunte. Dié metode het verseker dat die kern van die inhoud ter sprake gekom het. Hieruit het dit duidelik geword dat Swart Teologie nie bloot 'n Afrika Teologie is wat die Bybelse boodskap kultureel klee nie, maar dat God gesien word as 'n 'Swart God' wat aggressief saam met die Swartman die bevrydingstryd aanknoop. Ten opsigte van hierdie stryd is geen neutraliteit moontlik nie. Die skrywer het hierdie aspek tereg van toepassing gemaak op die keuse wat gestel word in die bevrydingstryd: òf vir geweld in die strukture òf vir geregverdigde geweld met die wapen. 'n Ander aspek wat lig werp op ons eie situasie is dat Swart Teologie die Witman wil isoleer sodat hy sy skuld teenoor die Swartman kan ontdek. Só word die Witman tot dié skuldige verhef. Met betrekking tot die taal van die Swart Teologie is daar een term wat hinder. Die skrywer gebruik die term: *justifiable violence* terwyl die terme *counter violence* en *just war* algemeen gebruik word. Die onderskeid wat tussen Swart Teologie en *Black Theology* gemaak word, oortuig nie. *Black Theology* word bedryf teen die agtergrond van die Amerikaanse slawe-praktyk, terwyl Swart Teologie te doen het met apartheid. Die skrywer sê egter self: 'Om egter van afsonderlike teologieë in onderskeiding van mekaar te praat is om die nuanses te oorbeklemtoon.' Dit sou eerder juis wees om te stel dat Swart Teologie en *Black Theology* dieselfde teologie is, maar dat die situasie wat aangeval word, verskil. As gevolg van kontekstualisering kry dieselfde teologie verskillende gestaltes.

Die skrywer stel dit as 'n kenmerk van Swart Teologie dat dit nie staties is nie, maar dat die Swart Teoloog hom op 'n geestelike glybaan bevind wat begin by die Bybel en die onderdrukte mens. Hierna word swart bewussyn geskep sodat die Swartman sy eie waarde en moontlikhede kan besef. Wanneer die vermoë om verandering te weeg te bring 'n aksie word, soos byvoorbeeld burgerlike ongehoorsaamheid, het Swart Mag ontstaan. Die laaste fase is die aanvaarding van die maatskappy-ontleding en revolusionêre metodes van die Neo-Marxisme. Die skrywer het ongelukkig nie aangetoon dat Swart Teologie slegs tot op dié punt kreatief is nie. Wanneer Swart Teologie die laaste fase bereik, word dit 'n dooie teologie wat niks nuuts meer kan sê nie. Die afgelope jare kon biskop Tutu slegs herhaal wat hy alreeds herhaaldelik gesê het. In die laaste hoofstukke word gewys op die gevolge wat die Swart Teologie vir die sending het en die eise wat as gevolg hiervan gestel word. Die skrywer bied ook 'n Bybelse antwoord op die Swart Teologie. Hierin is daar egter 'n leemte te bespeur. Die antwoord bevat

enkele teregwysings, maar bied geen teologie as 'n antwoord nie. Die uiteensetting van Swart Teologie beslaan 40 bladsye. Die antwoord hierop beslaan slegs 6 bladsye. Die leser kry dus 'n duidelike prent van wat die Swart Teologie sê en wil bereik, maar nie 'n grondige standpunt van die kerklike teologie nie. Die lidmate van die kerk moet nie alleen toegerus word om die aanvegtinge te begryp nie, maar veral om vanuit die teologie van die kerk oortuigingsvermoë op grond van die Bybelse teologie te hê.

Die skrywer word gelukgewens met 'n boek wat 'n wesenlike bydrae lewer ten opsigte van die denke oor Swart Teologie. Dit word aanbeveel vir elke ampsdraer en lidmaat van die kerk.

**Instituut vir Reformatoriese Studie 1984 – Ideologiese stryd in Suider-Afrika: Vlug vir die afgode!**

Potchefstroom: PU vir CHO. 159 bladsye. Prys onbekend. 16 hoofstukke deur verskeie medewerkers

**Resensent: Ds HJ Botes**

Hierdie bundel voldoen deels aan 'n versoek van 'n IRS-konferensie van 1983, wat die IRS versoek het om 'n studie te maak van die gevaarlikste ideologieë van Suider-Afrika.

Volgens 'n besluit by die genoemde konferensie is die belangrikste en gevaarlikste ideologieë in Suid-Afrika: rassisme (Swart en Wit) insluitende apartheid, kapitalisme, kommunisme en sekularisme.

Agtereenvolgens word in hierdie werk die volgende sake in verband met ideologieë aangesny:

- Waarom, hoe en wanneer ontstaan ideologieë?
- Die bepalende invloed van ideologieë op die internasionale politiek.
- Die feit dat Afrika 'n kontinent is wat deur ideologieë verskeur word en doodbloei.
- Ideologiekritiek is primêr ook selfkritiek. In hierdie afdeling van die boek word gewys op die 'swere' in die Suid-Afrikaanse samelewing, van onder andere selfgeregtigheid en -regverdiging van die *status quo*.
- Die metodes waarvolgens taal aangewend word om aan die bevrydingsmotief, wat aan alle ideologieë ten grondslag lê, uiting te gee.

- Hoe ideologieë deur die massamedia gepropageer word.
- Ideologieë in 'n wêreld van dubbele standaarde.
- Die verhouding tussen geweld, ideologie en bevryding.
- Die verruklike toekoms wat ideologieë die mens belowe.
- 'n Oproep op kerkmense om nie te dink dat hulle ideologievry is nie, terwyl hulle in der waarheid aan die leiband van 'n ideologie in eie kerklike boesem of nie-kerklike boesem is.
- Sekularisme die gevaarlikste vyand van die Christendom. Hierdie hoofstuk is die enigste wat in sy geheel oor 'n spesifieke ideologie handel.
- Wat die Bybel oor ideologieë leer, en die uitweg wat die Skrif bied.

Professor Bennie van der Walt sê in die inleidende hoofstuk dat hierdie bundel opstelle glad nie die laaste woord is wat oor ideologieë gesê kan word nie. 'n Mens is dankbaar oor die erkenning, want die boek wek oneindig baie vrae by die kritiese leser. Onafwendbaar word die indruk geskep dat die onderwerp veral aangepak is vanuit die oogpunt dat Afrikaners hulleself moet ondersoek of hulle hulle nie aan ideologie-verknegting skuldig maak nie.

In die lig van die IRS-konferensie van 1983 se besluit het van die medewerkers aan hierdie bundel hulle veral uitgespreek teen apartheid. In die verband kan die vrae tog gevra word of die apartheidsbeleid dan geen positiewe aspekte hét nie? Is die gelykmakingsideologie daarenteen nie 'n ontkenning van die intuïtiewe aanvaarding van die feit van rasseverskeidenheid en die ingeboude wil tot selfbehoud van verskillende rassegroepe nie? En is die wil tot selfbehoud op sigself 'n boosheid?

Die bundel kan stimulerend wees vir diegene wat graag wil besin oor die verskynsel van ideologieë, gesien vanuit 'n bepaalde hoek.

**De Groot, CG 1985 – Johannes Calvyn: Getuie vir Jesus teen wil en dank**

PU vir CHO: Instituut vir Reformatoriese Studie. Reeks F2 Nommer 30

**Resensent:** Ds BJ van Wyk

Die tyd waarin die Hervormers geleef het, bring ons sedert 1980 by verskillende geleenthede waarby die geboortejare van dié figure her-

denk kan word. So was dit in 1983 die 500ste geboorteherdenking van Martin Luther, en was 1984 ook dieselfde feesjaar van Huldrich Zwingli. Soos in die voorwoord van die publikasie aangedui word, is hierdie saak nie die enigste rede waarom die reeds klein boekies die lig gesien het nie. Die motief was ook om die huidige geslag Afrikaners, as die nasate van die sestiende-eeuse Hervorming, weer bewus van die erfenis van die Hervorming te maak.

Die werkie van dr De Groot is 'n maklik leesbare en vir die gewone man toeganklike leesstof. Verskillende fasette uit die lewe van Calvyn geniet aandag. Die leser leer die basiese feite oor die lewe van dië Hervormer. Calvyn se ideaal om homself te wy aan wetenskaplike studie word nie verwesenlik nie omdat hy telkens deur God gelei word om vir die kerk van God in die spervuur te staan. Die stryd wentel rondom die verblyf van Calvyn in Genève en sy bittere pogings om die stad vir die Hervorming te wen. Aandag word ook gegee aan die saak teen Servet as die 'donker vlek in sy lewe'.

Terwyl Calvyn met sy lewe die saak van die Hervorming veg, kom die leser ook onder die indruk van die swak gesondheid waarteen hy ook 'n stryd moet voer as die doring in sy vlees. Hy was 'n persoon met 'n goeie verstand en 'n uitstekende geheue, 'n man met 'n bo-gemiddelde werkywer.

Dit is goed dat die basiese riglyne van Calvyn se leer, soos in sy bekende Institusie uitgewerk, as 'n slothoofstuk in die boekie bygevoeg word. Daardeur kry die leser die besef dat die persoon van die Hervormer nie net vaag op die historiese horison staan nie, maar as 't ware steeds vir die kerk vandag betekenis het.

Hierdie boekie is 'n goeie inleiding vir die geïnteresseerde lidmaat, die katkisant en die student wat na 'n breë populêre oorsig oor die lewe van die bekende Johannes Calvyn soek.

De Groot, CG 1985 – Maarten Luther: Sy lewensgeskiedenis teen die agtergrond van sy tyd

PU vir CHO: Instituut vir Reformatoriese Studie. Reeks F2 Nommer 31

Resensent: Ds BJ van Wyk

Hierdie publikasie is 'n verdere werk van dr De Groot met dieselfde doelstellings as die vorige. Die Hervormer wat hier aan die orde kom,

is Maarten Luther. Die publikasie bestaan uit verskillende hoofstukke. Die eerste hoofstuk behandel die jeug van Luther en sy bekering. Die tweede hoofstuk beskryf hom as die moedige geloofsheld, die derde as die kontras tussen die jong en die ou Luther. Die vierde as hoof van sy gesin en sy lewenseinde. Die vyfde hoofstuk gee 'n beskrywing van die betekenis van die teologie van Luther in Suid-Afrika vandag.

Die klem op die betekenis van die teologie van Luther is belangrik omdat dit vir die bestudering van die lewe en die werk van die Hervormer ook praktiese waarde in die lewe vandag gee. 'Die regverdigmaking deur die geloof in Jesus Christus, wat hom uit genade regverdig verklaar het, het die kern van sy teologie geword.' Vir Luther is die regverdiging nie net 'n koue skema nie, maar hy is self met sy hart daarby betrokke. Die skrywer wys daarop dat die 'teologie van die kruis' wat Luther so swaar beklemtoon het, ook die soeklig werp op die charismatiese bewegings as bewegings waar die klem eintlik net op die subjektiewe godsdienstige ervaring van die mens val.

Luther lê klem op die feit dat elke vader 'n priester moet wees in sy eie huis en dat elke mens die Bybel moet kan lees. Die feit kan nie sterk genoeg beklemtoon word nie, aangesien dit van die grootste belang is dat die Bybel die sentrale plek moet inneem in ons huise en skole.

Dr de Groot sluit die 5de hoofstuk af met die woorde: 'Om kinders van die Reformasie te wees beteken dus om die Skriftuurlike beginsels wat Luther en ander Hervormers so vurig beklemtoon het, weer die sentrale tema van ons kerke te maak en hulle telkens weer in oënskou te neem om vas te stel of hierdie objektiewe beginsels nog in ons persoonlike lewe gehandhaaf word.'

Ek kan hierdie publikasie sterk aanbeveel vir daardie lesers waarvoor dit bedoel is.

**De Groot, CG 1985** –Voorlopers van **die Hervorming: Arnold Brescia, John Wycliff, Johannes Huss**

PU vir CHO: Instituut vir Reformatoriese Studie. Reeks F2 Nommer 29

Resensent: Ds **BJ** van **Wyk**

Dit is goed dat dr De Groot naas die bekende figure in die Hervormingstryd, soos Johannes Calvyn en Maarten Luther, ook die minder

bekendes en selfs iemand soos Arnold Brescia wat moontlik glad nie bekend is aan baie van die lesers van die boekie nie, ook aan die orde gestel het. Die skrywer doen dit in dieselfde populêre styl as die ander publikasies in die reeks sodat die lesers dit maklik verteerbare leesstof sal vind wat die leser sal prikkel om na te dink oor die betekenis van die historiese figure.

Die publikasie begin met 'n kort hoofstuk oor die gesag van die pous en die opstand teen die pouslike gesag. Die volgende hoofstuk behandel Arnold Brescia as van die eerstes wat dit gewaag het om hom te verset teen die pouslike gesag. Hiervoor word hy in 1155 tereggestel, verbrand en sy as in die Tiberrivier gegooi. 'n Stem roepende in die woestyn!

Die tweede persoon wat aan die orde kom, is die ietwat meer bekende John Wycliff (1324–1384). 'Sy denkbeelde is oor heel Europa versprei, en die vlam wat Wycliff ontsteek het, sou later deur Luther tot 'n geweldige vuurbrand uitslaan, wat die hele Europa in vuur en vlam sou set.'

Die derde persoon is Johannes Huss, geloofsheld en martelaar (1369–1415). Al sterf hierdie martelaar ook op die brandstapel op 6 Julie 1415, was dit die begin van die vloedgolf wat die kerk van die Hervorming teenoor die valse leerstellings van Rome sou vestig. 'Sy lewe is nie tevergeefs opgeoffer nie, en sy martelaarsdood is weer 'n bewys dat die Satan nooit die strydende kerk kan oorwin nie.'

Met hierdie publikasie kom ook die lyding en die werk van die vroeë figure van die Hervorming onder die aandag van die leser. Deur die lees van al die publikasies in hierdie verband kan 'n lidmaat van die kerk 'n geheelbeeld vorm van die 'Reformatoregalery'. So kan die publikasies daartoe bydra 'dat ons uit die feit dat God sulke swakke mense vir so 'n groot taak kon gebruik, ook moed sal skep vir daadwerklike reformasie in ons eie tyd en omstandighede.'